No 7 - 2020] SECOND SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 14 MAY 2020

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr B N Herron
Mr D America
Ms D M Baartman
Mr G Brinkhuis
Mr C M Dugmore
Ms N D Nkondlo
Mr F C Christians

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Ms M M Wenger moved: That the House debates the future of the Western Cape post the COVID-19 pandemic.

2. Ms D M Baartman moved: That the House debates energy security in the Western Cape.

3. Mr C M Dugmore moved: That the House discusses the upsurge of racism in the Western Cape under the DA and especially during the containment of the COVID-19 pandemic.

4. Mr R D MacKenzie moved: That the House debates the constitutionality, appropriateness and effectiveness of the regulations during the state of the disaster and the COVID-19 pandemic in South Africa.

5. Ms R Windvogel moved: That the House discusses the fact that the Western Cape is the epicentre of the COVID-19 pandemic with the highest infection rate, number of people in hospital or ICU and death rate in South Africa.

6. Mr M Kama moved: That the House debates the flouting of COVID-19 pandemic emergency lockdown rules and laws by prominent DA politicians, such as Cape Town councillor Angus McKenzie, who without a mask talked over open food for distribution, and Stellenbosch mayor Wilhelmina Petersen, who meddled operationally into food-parcel relief.

7. Mr C M Dugmore moved: That the House debates its deep concern that the Western Cape has not established a provincial command council to fight the pandemic and that districts have also failed to do so.

8. Ms R Windvogel moved: That the House discusses how many of the 50 000 food parcels promised by the Minister of Social Development in early April 2020 have been allocated, including a detailed breakdown of all recipients per ward and voting district.

9. Mr C M Dugmore moved: That the House notes that, despite repeated requests to the Premier by the leader of the opposition party, notes further that this meeting only took place 33 days into lockdown; and notes further that the majority of DA mayors have never met with local opposition leaders to discuss a united front to combat the virus in their municipalities.

10. Ms N D Nkondlo moved: That the House notes with concern the high COVID-19 infection rate in the retail sector in the province, where hundreds of retail workers contracting the virus in the line of duty, with some succumbing to untimely deaths; notes further that the exponential rise in cluster transmission is a glaring sign of non-compliance with occupational health and safety as legal obligation of employers; and calls on the government to play a more active role in enforcing workplace safety protocol, especially in the retail sector.

11. Mr R D MacKenzie moved: That the House commends the many NGOs operating in Mitchells Plain; and notes that these NGOs have filled the vacuum left by Sassa, the main agency responsible for social support and which is only opening its office on Monday 11 May, well after the beginning of lockdown and in spite of repeated calls for it to do so.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 14 MEI 2019

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr B N Herron
Mnr D America
Me D M Baartman
Mnr G Brinkhuis
Mnr C M Dugmore
Me N D Nkondlo
Mnr F C Christians

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Me M M Wenger stel voor: Dat die Huis die toekoms van die Wes-Kaap ná die COVID-19-pandemie debatteer.

2. Me D M Baartman stel voor: Dat die Huis energiesekerheid in die Wes-Kaap debatteer.

3. Mnr C M Dugmore stel voor: Dat die Huis die oplewing van rassisme in die Wes-Kaap onder leiding van die DA, en veral gedurende die bekamping van die COVID-19-pandemie, bespreek.

4. Mnr R D MacKenzie stel voor: Dat die Huis die grondwetlikheid, gepastheid en doeltreffendheid van die regulasies tydens die ramptoestand en die COVID-19-pandemie in Suid-Afrika debatteer.

5. Me R Windvogel stel voor: Dat die Huis die feit dat die Wes-Kaap die middelpunt van die COVID-19-pandemie met die hoogste infeksiesyfer, getal mense in hospitale en ISE’s en sterftesyfer in Suid-Afrika is, bespreek.

6. Mnr M Kama stel voor: Dat die Huis die verontagsaming van die COVID-19-pandemie se noodinperkingsreëls en -wette deur prominente DA-politici, soos Kaapstadse raadslid Angus McKenzie, wat sonder ’n masker gepraat het oor oop kos wat vir verspreiding bedoel was, en Stellenbosse burgemeester Wilhelmina Petersen, wat operasioneel by kospakkiehulp ingemeng het, debatteer.

7. Mnr C M Dugmore stel voor: Dat die Huis sy diepe kommer debatteer omdat die Wes-Kaap nog nie ’n provinsiale bevelraad tot stand gebring het om die pandemie te beveg nie en omdat die distrikte ook nagelaat het om dit te doen.

8. Me R Windvogel stel voor: Dat die Huis bespreek hoeveel van die 50 000 kospakkies toegewys is wat die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling aan die begin van April 2020 belowe het, insluitende ’n gedetailleerde ontleding van al die ontvangers volgens wyk en kiesafdeling.

9. Mnr C M Dugmore stel voor: Dat die Huis kennis neem dat, ten spyte van herhaalde versoeke aan die Premier deur die leier van die opposisieparty, verder kennis neem dat hierdie vergadering eers 33 dae nadat die inperking begin het, plaasgevind het; en verder kennis neem dat die meeste DA-burgemeesters nooit met plaaslike opposisieleiers vergader het om ’n verenigde front te bespreek om die virus in hul munisipaliteite te bestry nie.

10. Me N D Nkondlo stel voor: Dat die Huis met kommer kennis neem van die hoë COVID-19-infeksiesyfer in die kleinhandelsektor in die provinsie, waar honderde kleinhandelwerkers die virus aan diens opgedoen het, met sommige wat voortydig gesterf het; verder kennis neem dat die eksponensiële styging in groepsoordrag ’n opvallende aanduiding van werkgewers se nienakoming van beroepsgesondheid-en-veiligheids- en wetlike verpligtinge is; en ’n beroep op die regering doen om ’n meer aktiewe rol te speel in die afdwing van veiligheidsprotokolle, in die besonder in die kleinhandelsektor.

11. Mnr R D MacKenzie stel voor: Dat die Huis die talle NRO’s aanprys wat in Mitchells Plain bedrywig is; en kennis neem dat hierdie NRO’s die vakuum gevul het wat deur Sassa gelaat is, die belangrikste agentskap wat vir maatskaplike ondersteuning verantwoordelik is en wat sy kantoor eers op Maandag 11 Mei, lank ná die begin van die inperkingstydperk en ten spyte van herhaalde versoeke om oop te maak, geopen het.